Saterdag **20 April**

**Skrifgedeelte: Esegiël 36:16-38**

**Fokusgedeelte: Esegiël 36:22, 23, 25-27**

**God *heilig sy Naam* deur Jesus Christus, sy enigste Seun, vir ons te gee**

In ’n preek van Totius (Versamelde Werke, deel 2 bl. 347, 348, 1960-uitgawe) sê hy dat die bekende Johannes 3:16 verkondig dat God ter wille van sy eer sy Seun vir die wêreld gegee het sodat ons nie verlore sal gaan nie. Die vraag is egter: Waar staan dit in Johannes 3 dat God in die gawe van sy Seun aan die wêreld opgetree het ter wille van die *eer van sy Naam/om sy Naam te heilig*? Maar lees mens Jesus se woorde oor die weergeboorte in Johannes 3, veral vers 5, saam met Esegiël 36:16-38 (veral verse 25-27) wat ook handel oor die weergeboorte, word dit duidelik.

In Esegiël 36:16-36 is dit duidelik hoe Israel, die HERE se volk, sy heilige Naam onteer het en hoe die HERE ingegryp het om sy Naam te heilig sodat die nasies en Israel, nadat God ingegryp het, geen ander keuse sal hê nie as om te erken: Dit is die HERE. En dan in hierdie optrede van die HERE belowe Hy dat Hyself sal doen wat Israel nooit kon terugdoen aan Hom nie: Hy sal maak dat hulle volgens sy voorskrifte leef en sy bepalings gehoorsaam en nakom. Jeremia 31:33 stel dit in ander woorde: “Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê.” Dit sal die HERE doen nadat Hy reinigingswater op sy volk gesprinkel het sodat hulle rein kan word en sy Gees in hulle harte sal gee.

En as die HERE dit gedoen het vir sy volk, en nog baie meer, sal hulle besef dat Hy die HERE is; dat Hy nie ter wille van Israel optree nie, maar *ter wille van sy heilige Naam* (Eseg. 36:32). Die reinigingswater (die bloed van Christus) en die Gees van God (Eseg. 36:25, 27) is presies waarvan Jesus gepraat het toe Hy gesê het ’n mens moet uit water en Gees gebore word om in die koninkryk van God in te gaan (Joh. 3:5).

En waar staan Johannes 3:16? In Johannes 3. Die lyn loop loop dus van Johannes 3:16 na Johannes 3:5 na Esegiël 36:23, 25, 27, 32. Dus: Waarvoor het God sy Seun in sy liefde gegee sodat die wêreld nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe kan hê? Hy het dit gedoen *ter wille van die eer van sy Naam*, en nie ter wille van die mens in die eerste plek nie!

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Ds. JH (Hans) Grobler (Reddersburg/Bloemfontein Suidheuwels)*